Hoe om spanlede te werf

’n Ideale span is tussen 6 en 10 lede. Dit is soms ’n probleem as jy slegs een of twee spanlede het. Hier is ’n paar idees om nuwe spanlede te werf.

☺ Wenke

1. Die beste bemarkers is die spanlede self. Voortrekkers moet dus vir die spanlede baie lekker wees. Jy hoef nie graadwielwerk af te skeep nie. Voortrekkerwerk kan op baie interessante maniere aangebied word. Spanlede wat Voortrekkers geniet, sal vir hulle maats van die lekker aktiwiteite vertel wat hulle gedoen het.
2. Stel ’n interessante spanprogram op met lekker aktiwiteite. Daar moet verskillende aktwiteite binne ’n spanbyeenkoms wees. Moenie beplande uitstappies / aktiwiteite kanselleer nie, tensy daar geen spanlid is wat kan gaan nie.
3. Maak ’n foto-uitstalling van die span se aktiwiteite. Plaas dit op ’n aansteekbord by die skool met jou kontakbesonderhede by en die tyd wat die span vergader.
4. Gaan praat met die graadgroep by die skool en wys foto’s van aktiwiteite wat julle gedoen het. Jy moet ook ’n briefie met besonderhede en tye van spanbyeenkomste byderhand hê om uit te deel vir kinders wat belang stel. Jy kan ook briefies vir elkeen in die graadgroep uitdeel.
5. Laat die spanlede maats wat nie Voortrekkers is nie na aktiwiteite saamnooi.
6. Doen “anderster” aktiwiteite, gaan byvoorbeeld oor ’n enkeltou-toubrug, stap in die veld, slaap sonder ’n tent onder die sterre, eet veldevrugte vir ete, gaan besoek ’n huis vir straatkinders, maak ’n padpizza (kyk Hoe om-reeks) ,en nog meer.
7. ’n Spanlid wat baie sosiaal is en baie maats het, sal makliker nog spanlede werf as ’n stil persoon wat nie eindelik maats het nie.
8. Moenie moed opgee nie!

☠ Waarskuwings

1. Moenie sleg voel indien jou bemarkingspogings nie werk nie. Dit werk net soms so uit dat jy nie meer spanlede werf nie, al is jy ’n uitstekende offisier wat baie moeite doen. Maak dan ’n verskil in die een of twee spanlede se lewe.
2. Moenie druk op die spanlede plaas om spanlede te werf nie. Jy kan bloot vra of hulle nie weet van nog kinders wat by die Voortrekkers wil aansluit nie. Moenie hulle verplig om elkeen ’n maat te bring nie.